1. Vir hierdie gebedsoefening vandag wil ek jou nooi om nou **stil te word by die Here**, 'n kers aan te steek en bewus te raak van God se teenwoordigheid hier by jou. Doen dit op die manier wat vir jou die beste werk.

2. **Kry jou joernaal uit en maak 'n paar notas oor jou vertsaan en ervaring van God in die afgelope tyd…**Wat is die prentjie/beeld/metafoor wat God vir jou die laaste tyd die beste beskryf (oupa, vriend, koning, Moeder…) Dalk is dit vir jou moeilik om dit met 'n beeld te verwoord, maar dalk is daar woorde waarmee jy God sou kon beskryf (misterie, afwesig, verlange, intimiteit, onseker?). Gebruik die tyd om in eerlikheid hieroor na te dink en maak notas in jou joernaal?

3. **Lees nou Lukas 15**:11-31 rustig 'n paar keer deur…

4. **Sit nou jou Bybel neer en laat die verhaal in jou verbeelding afspeel**. Sien dit, ervaar die gebeure, word deel van die verhaal…

5. **Kyk ook na die twee kunswerke van die verlore seun en die verlore dogter en laat die kunswerke met jou praat**…

6. **Praat met die Here oor dit wat met jou gebeur na aanleiding van die teksgedeelte en die kunswerke…**

7. **Rus vir 'n tyd lank bloot in dien Here se teenwoordigheid, sonder woorde….**

8. Haal nou jou **joernaal uit en maak 'n paar notas na aanleiding van jou gebedstyd.**

9. **Ek wil jou aanmoedig om 'n brief te skryf aan jouself van God af, waarin God iets van sy hart en sy liefde vir jou met jou deel na aanleiding van die teksgedeelte en die kunswerke. Hoe sou so brief klink?**